CILLIERS-GESIN NUUS- en GEBEDSBRIEF – MEI 2010.

Posbus 2659, Paarl, 7620
E-pos: jwcilliers@absamail.co.za of jwcilliers@yahoo.com
Huis Tel. nr. (021) 863 3522
Sel nr. 072 692 8064 / 078 280 2113 (Wenda)
Skype adres: jwcilliers

"Maar Rabelaza, jy loop soms hier bo met die paadjie verby maar het nog nooit eers ons dorpie hier onder in die vallei besoek nie" Die leier van die dorpsgebied hou sy beeste dop soos hulle verder die pad afstap terwyl hy 'n geselsie met ou evangelis aanknoop. Rabelaza, die evangelis se wakker ogies glimlag en besef hy het nog nooit die mense in Antsahabanêra besoek nie – en ook dat daar nie enige kerk is nie. Die dorpie is 'n redelike ent weg, maar sover het hy met sy lyf van oor die sewentig jaar altyd baie ander dorpies ver in die veld besoek – en lê hy nog groot afstande te voet af. Soos Paulus dring die liefde hom. Die dorpsleier gaan voort "Ek sê jou wat – ek nooi jou na ons dorp en jy kom vertel die storie van daai swart boek met die "vava mena" (rooi mond)".

Kort voor lank daag Rabelaza (foto links) op. "Tonga soa, mandrosoa tompoko " nooi die dorpsleier die ou man in. Later begin die leier skryf. Toe roep hy 'n aantal ander dorpsleiers en hulle kom teken ook die brief. "Hierso Rabelaza - 'n amptelike uitnodiging om hier te kom te vertel van jou God". Rabelaza is huistoe en het vir 'n paar ander kerklidmate die gebeure vertel – en het hulle beplan om as 'n groep na Antsahabanêra te gaan.

Waar ons in die klas na afloop van die lesing na die ou man luister wat gereeld ons opleiding bywoon, wil mens trane in jou oë kry. Ons het al dele van die noorde sien oopgaan vir die Evangelie en is daar 'n honger - en gebeur dit meermale dat daar sulke uitnodigings kom. Ander dele is nog geslote – soveel so dat geen ander godsdiens as die voorvadergodsdiens bedryf mag word nie.

Sedert ons vorige brief in Oktober was ek twee keer in Madagaskar en is nou weer op pad vir 'n uitgebreide besoek. Ek sal DV tot 19 Junie daar wees vir kerkplanting en die opleiding van kerkleiers.

Die werk vorder besonder goed. Ons gaan steeds voort met die opleiding van lekeleraars in die noordelike Sofia gebied waar ons nou vyf groepe in die veld met sowat 80 leiers het en hulle met elke besoek deur die volgende module neem. Hulle is baie tevrede – soos ons in hul vrae en meelewing kan sien.

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com

Daar was nog versoeke en sal ons nou DV met twee nuwe groepe begin en hulle deur die verskillende fases neem oor die maande wat kom.

Die kerkplantingsprojek vorder ook besonder goed. Dis waar ons in die noord-sentrale hooglande nuwe gemeentes vestig in dorpe sonder kerke. Met beide my besoeke het die voltydse kerkpkanters uit die veld na Antananarivo gekom toe vir opleiding, verslagdoening en administrasie. Die 135 nuwe gemeentes waarvan ons laas vermeld het, het nou aangegroei tot 189. Die getal lidmate is amper 3300. Ons beleid is dat by die gemeentes daar ook ‘n plaaslike persoon gekies word wat as herder sal dien – en word hulle in hulle gebiede vir drie jaar opgelei. Ons voorsien ook goeie materiaal aan hulle.
Dis ‘n lang pad maar sover gaan dit ook goed.

In November 2009 het ons besluit om verder uit te brei en het drie nuwe voltydse leraars nl. Pascal, Victor en Benjamin (op foto) begin oplei as kerkplanters – en hulle na ‘n nuwe gebied gestuur in die noord-oostelike Ambatondrazaka gebied. Ek het hulle in Desember gaan besoek en hulle was besig om toegang tot dorpe te kry sonder kerke.
Ons sal binnekort meer inligting hê maar die laaste aanduidings was dat hulle al tot 105 dorpe kon toegang kry. Hulle kom soms voor teenstand te staan aangesien daardie dele bekend is vir afgodery en bose praktyke.

Die groei in beide projekte nl. die opleiding in die noorde asook die kerkplanting is baie goeie nuus maar bring egter al groter uitdagings in terme van administrasie, logistiek, drukwerk, tyd en natuurlik finansies mee – soveel te meer te midde van die politieke en dus ook finansiële agteruitgang daar. Ons sal die nodige gebed en steun baie waardeer. Ons voel dit regtig meer soos nooit tevore.

Ons het al genoem van die projek waardeur ons Malgassiese goedere soos raffia en sisal mandjies, handsakke, hoede, ens. bemark in SA waar Wenda die projek lei. Ons het laas gevra vir gebed vir stoorplek – en kort daarna het ons ‘n motorhuis by ‘n woonstelblok gekry. Ons is deur ‘n moeilike tyd aangesien verkope laasjaar ernstig gedaal het. Dit het onlangs begin verbeter maar ons het nog ‘n pad om te gaan om deur te haak. As julle weet van moontlike afsetpunte en gebiede sal ons baie dankbaar daarvoor wees. Die projek verg ook besonder baie werk om alles by te bring.

Met groot dank aan elkeen wat saam hande vat – ter wille van die Koninkryk
Wolf en Wenda Cilliers.

Bankbesonderhede: “Cilliers Uitreik Fonds” - Spaarrekening nr: 916 441 1558 by ABSA Bank, Vishoek (takkode: 632-005). Onthou ASB. u naam as verwysing.

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com